# Laerskool Jan van Riebeeck

ADRES: Kloofstraat 52, Kaapstad 8001
WEBTUISTE: www.laerskooljanvanriebeeck.co.za
E-POS: ontvangs@jvrprim.co.za
TEL: 021 423 4209


**16 Februarie 2024**

**2024 BEHEERRAADSVERKIESING VIR TERMYN 2024 – 2027**

Liewe Ouer

Die ampstermyn van die huidige Skoolbeheerraad (BR) kom op 29 Februarie 2024 tot 'n einde. Neem asseblief weer kennis dat die verkiesing van die BR-ouerkomponent (x5 vakatures) van die Skoolbeheerraad aanlyn geskied (*VotingCrowd*) op Maandag, 18 Maart 2024, vanaf 06:00 – 18:00. Meer inligting sal binnekort volg. Graag bring ek ook die volgende onder julle aandag:

1. Die kiesersrol sluit alle ouers van leerders (grade R – 7) by Laerskool Jan van Riebeeck in.
2. Die kiesersrol is beskikbaar vir besigting, indien daar enige dispute is, vanaf 16 - 21 Februarie 2024 by die Menslikehulpbronne- en adminkantoor (Jodene). Die kiesersrol sluit op Saterdag, 24 Februarie 2024.
3. Die samestelling van die Beheerraad is soos volg:
    - Vyf vakatures vir leerders se ouers
    - Vier vakatures vir personeel van die skool (Skoolhoof, x2 Opvoeders en x1 Nie-Opvoeder).
4. Personeel wat ook ouers by die skool is, kan nie tot die BR-ouerkomponent verkies word nie, maar slegs as deel van die personeelkomponent van die Beheerraad.
5. Ons skool se verkiesingsbeampte vir 2024 is mnr. Chris Story, Skoolhoof van Laerskool Kampsbaai.
6. Ek, die ondergetekende, het reeds op 30 Januarie aan mnr. Chris Storey kennis gegee dat die verkiesing van leerders se ouers aanlyn geskied d.m.v. *VotingCrowd* op Maandag, 18 Maart 2024, vanaf 06:00 - 18:00. Die verkiesing van personeel geskied op Dinsdag, 05 Maart 2024.
7. Die verkiesingkomitee bestaan uit die volgende persone:
    - Mnr. Chris Storey (Verkiesingsbeampte)
    - Mnr. Naas Beets
    - Mev. Marinda Brink
    - Me. Raché de Goede
8. Nominasievorms (Addendum A) sal op Maandag, 26 Februarie 2024, aan ouers gestuur word en nominasie sluit Maandag, 04 Maart 2024, om 13:00. Alle nominasievorms moet by die adminkantoor (Jodene) ingehandig word.
9. Die eerste benoemingsbekragtigingvergadering geskied op Dinsdag, 05 Maart 2024, om 18:00 in die saal.

10. Die finale nominasielys word op Vrydag, 08 Maart, aan ouers gestuur
11. Nominasiekandidate kry op Dinsdag, 12 Maart, om 18:30 ‘n geleentheid in die saal om hulself bekend te stel en binne 5 minute te motiveer waarom hy/sy onderskeidelik die beste kandidaat is.
12. Die volgende huidige Beheerraadslede het hulself vanjaar weer verkiesbaar gestel:
    - Merwe Scholtz (Voorsitter)
    - Susan van der Walt (Tesourier)
    - Marié Cruywagen (IKT & Admin)
    - Stephen Hitchcock (Koöpteer & Argitek)
    - Hugo van den Heever (Koöpteer & Ingenieur en Finansies)

Laat my asseblief toe om die huidige Beheerraad hartlik te bedank vir hulle kosbare tyd, insiggewende insette en toegewydheid om Laerskool Jan van Riebeeck na nog hoër hoogtes te neem.

Baie dankie vir julle tyd en aandag.
Vriendelike groete

**Naas Beets**
**SKOOLHOOF**

Laerskool Jan van Riebeeck
Kloofstraat 52
Kaapstad 8001
☎ 021 423 4200